

11 November

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 6:14-7:1
Fokusgedeelte: NGB, Art 28

Die eenheid van die kerk – skei jou af van ongelowiges

Die opdrag tot afskeiding, om nie met ongelowiges in een juk saam te trek nie, het in ons Skrifgedeelte 'n spesifieke doel. Die gedagte is nie om alle kontak te verbreek en ongelowiges of kerklos mense heeltemal te vermy nie. Hoe sal ons dan ons sendingtaak kan uitvoer? Paulus sê (1 Kor 5:10): “Om hierdie mense te vermy sou julle uit die wêreld moes padgee.”

Let dus goed op die doel van ons afskeiding: Dit gaan nie oor die stigting van 'n Gereformeerde kloosterorde nie. Nee, jy moet jou volledig aan God kan toewy (2 Kor 7:1). God wil saam met jou woon en leef (vers 16). Hy WIL soos 'n Vader al sy goeie dinge met jou deel (vers 18). Ons sal verstom staan oor hoeveel goeie dinge die hemelse Vader aan ons wil gee, maar vertrou ons Hom genoeg om dit te ontvang?

Volledige toewyding aan God beteken om met jou lewe te wys dat jy God vertrou. Dit beteken: VÍR die Here en TÉÉN ongelooft kies. Jy kan byvoorbeeld die opwinding van 'n ontmoeting met die Here kies bó die opwinding wat sport kan bied. Jy kan kies om die versorging wat God gee te aanvaar, eerder as om 'n oneerlike sakevennoot in winsbejag te volg. Jy kan die vrolikheid van lofprijsing aan God kies bó die joligheid van drinkebroers. Jou hele lewe bestaan eintlik uit sulke keuses wat jou afskei van die ongelowige manier van doen. As jy mooi daarvoor nadink is sulke keuses eintlik ook in die beste belang van ongelowiges en kerklikes. Laat die lig van jou Christelike getuigenis ook op hierdie manier skyn!

Dr. WC Vergeer (Potchefstroom-Oos)